OP DIE PUNT AF

ONS EN DIE ANDER GODSDIENSTE

JULIAN MüLLER

Met die vrylating van Callie en Monique Strydom was die debat oor die Christendom met die ander godsdienste, na aanleiding van prof Sakkie Spangenberg se artikel, op sy hewigste. Na hulle verwelkoming in Pretoria deur familie en regeringsmense, neem hulle deel aan 'n dankdiens in Verwoerdburgstad NG Gemeente se kerkgebou en hulle lewer 'n pragtige getuienis oor hoe hulle deur die krisis gedra is en hoe hulle van God se teenwoordigheid en almag bewus geraak het.

Volgens Beeld van Vrydag, 1 September 2000, het Callie onder andere gesê dat hulle in daardie vreemde land met 'n vreemde godsdiens gekonfronteer was en moes leer om dit te hanteer. "Maar God het vir ons twee instrumente gegee om ons te help.

"In die begin die Koran, waaruit ons 'n stukkie gelees gekry het wat ons met ander oë na die rebelle laat kyk het en later 'n Bybel van die sendelinge wat ons krag gegee het."

Ek is byna doodseker dat Callie nie deur dieselfde woede waarmee daar op Sakkie Spangenberg se uitlatings gereageer is, getref sal word nie. En tog het albei wesenlik dieselfde ding gesê. Prof Spangenberg het dit in geleerde teologiese taal uitgedruk en Callie het dit in eenvoudige geloofstaal gesê. In die oomblik van krisis het God 'n stukkie Koran gebruik, soos Hy ook die Bybel gebruik het, om iemand wat in 'n bestaanskrisis verkeer, tegemoet te kom. Wie is ons om te sê dit kan nie of dit mag nie. Dit maak ook nie saak wat ons sê nie, die feit is dit is wat gebeur het. Vir God kan nie voorgeskryf word nie. Ons kan nie met ons godsdienstige sisteme vir God in sy genadige, liefdevolle en vrymagtige werk aan bande lê nie.

Wanneer jy met mense van ander gelowe in aanraking was en in hulle oë gekyk het, praat jy anders oor hulle en hulle geloof en saligheid, as wanneer jy bloot teoreties en saaklik oor mense in die algemeen redeneer. Vanuit afgeronde godsdienstige sisteme kan mens nogal maklik verklaar dat mense van ander godsdienste verlore gaan, maar gaan sit met so iemand in gesprek, kyk hom of haar in die oë en dan word dit al hoe moeiliker om net te verdoem. Dan het saaklike argumentasie plek gemaak vir interpersoonlike gesprek.

In ons beoordeling van Sakkie se stellings, moet ons ons miskien bietjie laat temper deur Callie se ervarings. Ek is dankbaar dat prof Spangenberg hierdie vrae op die tafel gesit het, want dit is vrae en vraagstukke wat in elk geval deur gelowiges gevra word. Ek onthou dat ek as studentepredikant omtrent nooit 'n aand huisbesoek gedoen het sonder om deur studente met hierdie vrae gekonfronteer te word nie. Ek onthou ook hoedat ek as student by die "Indiërsending" betrokke was en eenkeer vir maande lank op 'n gereëlde basis in gesprek met 'n Moslem was. Hierdie ervaringe het my oortuig dat ons nie mekaar te maklik moet verketter nie, maar dat ons eerlik na mekaar se opregte standpunte moet luister.

Dit is juis om dié rede dat ek oortuig is daarvan dat ons na iemand soos Leslie Newbigin se benadering moet luister. Hy is een van die bekendste sendingkundiges van die vorige eeu (1909-98) en het uitgebreid geskryf oor die Christendom en sy verhouding tot ander godsdienste. In sy boek , The Gospel in a Pluralist Society, het hy die kontoere van beide die moderne en die postmoderne denke oor hierdie saak nagegaan. Hy praat, byna soos Callie, vanuit die werklikheid van die gespreksituasie met ander godsdienste, terwyl hy ook sy lewe gewy het aan die sendingtaak terwille van die evangelie.

Newbigin sê dat die bydrae van die Christen tot die dialoog "will simply be the telling of the story, the story of Jesus, the story of the Bible." Die verhaal self is die krag van God tot verlossing. Die Christen vertel die verhaal van Jesus nie omdat hy of sy nie respek het vir die baie uitstaande kwaliteite van die gespreksgenote nie. Baie van hulle vertoon lewenskwaliteite wat die van die Christen oortref. Die Christen vertel die verhaal omdat dit is wat God aan hom of haar toevertrou het in die geselskap van die wêreldgodsdienste. Dit is die bydrae wat ons het om lewer.

Nie die maak van waarheidsaansprake nie, maar die vertel van die verhaal van Jesus met die oog op die soeke na die waarheid. Die argumente oor of die Christendom nou die enigste ware godsdiens is of nie, maak nie werklik sin nie. Oor godsdiens kan niemand "objektiewe" uitsprake maak nie, net geloofsuitsprake. Dit is inderdaad die taal wat ons meestal saam met moedersmelk leer praat het. In elk van die godsdienste vind jy mense wat absoluut oortuig is daarvan dat hulle godsdiens die enigse ware een is. Ons taak is nie om met argumente hiernatoe of daarnatoe te probeer bewys nie. Al wat ons kan doen is om die verhaal van Jesus wat vir ons sin en betekenis gee, te vertel en weer te vertel.

Dit sal ons goed doen om opnuut te besef dat Jesus self nie gekom het om 'n godsdienstige sisteem te vestig nie. Hy het juis teen die bestaande religieuse sisteme ingegaan en 'n alternatief gestel. Sy alternatief was een van liefde en die oorskryding van grense na dié wat deur die sisteme uitgesluit is.

Miskien moet ons, te midde van die hitte van 'n godsdienstige debat, toelaat om deur die gedig van Annette Snyman, Teoloog, teruggebring te word tot die alternatiewe benadering wat Jesus juis gebring het.

Jy glo geleerd.

Ek glo "verkeerd".

En God verkneuter hom

In die warm kroon van 'n botterblom.

Jy stel jou argumente fyn,

ek luister, en tes hulle op my aftelrym:

kammalag, kammalos, kammalie

Hiersynie - hiersywel - hiersynie.

En die heelal lê heerlik borriegeel onttroon

in duisend goue flenters botterblomkroon!